Sake24

Druk

Vroue afgeskeep in telekom-bedryf

2009/10/07 05:37:00 AM

Cecile Nel

Terwyl die telekommunikasiebedryf baie meer swart mense op senior vlak as ander bedrywe aanstel, is vroue steeds yl gesaai.

Sowat 44% van die topbestuur in dié bedryf is swart. Dit vergelyk met ’n gemiddelde van 24,2% swart verteenwoordiging in ander bedrywe. Onder die lede van senior bestuur is 37,3% swart in vergelyking met ’n gemiddelde van 32,4% in ander bedrywe.

Dié bevindinge kom uit ’n opname oor die telekommunikasiebedryf deur Landelahni Business Leaders. Dit is gedoen onder 18 maatskappye met sowat 40 000 werknemers.

In terme van geslagsgelykheid in sleutelfunksies is die telekommunikasiebedryf agter.

Altesame 14,5% van topbestuur is vroue, terwyl die gemiddelde van ander bedrywe 15,5% is. Net 18,4% van senior bestuur is vroue in vergelyking met 24,6% in ander bedrywe.

“Wat my verstom het uit die data is dat telekommunikasie-werknemers minder vroue bevat as die mynbedryf op alle vlakke van senioriteit,” het me. Sandra Burmeister, uitvoerende hoof van Landelahni, gesê.

Volgens haar is geslagsgelykheid duidelik ’n gebied wat fokus kort in dié bedryf.

Nog ’n bron van kommer is gegradueerdes in die telekommunikasiebedryf.

Oor die tydperk tussen 1996 en 2007 was die totale universiteitsinskrywings vir rekenaarwetenskap- en dataproseseringsgrade 56 291. Net 17 707 (31%) van hulle het egter gegradueer.

In die afgelope drie jaar het die graduering skoers geval tot ’n lae 11%. Dit vergelyk met ’n internasionale gemiddelde van 25%.

Die toestaan van grade en diplomas vir rekenaarwetenskap, elektriese en elektroniese ingenieurswese het in die afgelope drie jaar slegs effens gegroei, wys die navorsing.

“Hierdie is ’n ernstige bekommernis in terme van groei in die bedryf,” het Burmeister gesê.

Volgens haar is die globale soeke na talent en vaardighede ál mededingender. Klein ondernemings verskaf twee derdes van alle nuwe werke en Indië en China verteenwoordig byna 70% van die wêreld se werkende bevolking.